# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper

## Vandag (29 November)

**9:00:** Erediens en Kinderkerkafsluiting
Teks: Genesis 1 en Psalm 8
**10:00:** Kategese- en Belydenisklasafsluiting

## ADVENT

Ons steek die 4 Sondae voor Kersdag 'n kers aan. Dit word die Adventskerse genoem. En die Adventskerse herinner ons aan Jesus se eerste koms (Advent) en ook aan Sy tweede koms (Sy wederkoms – Hand 2v9-11). Die 4 kerse dra elk 'n boodskap van (1) Hoop, (2) Vrede, (3) Vreugde en (4) Liefde.
**Huisgeloof:** Maak 'n Adventskrans vir die huis en steek elke Adventsondag 'n Adventskers aan. Leef daardie week (met inspanning en oorspronklikheid) die betrokke kers se boodskap van Hoop, Vrede, Vreugde en Liefde uit.

# Eerste Sondag van Advent:: Hoop

Jesaja, die profeet, het tot God geroep: *Ek wens U wil die hemele, wat ons skei, oopskeur en afkom sodat die berge voor U bewe. Maak u Naam bekend aan almal wat teen U is. Laat die nasies bewe oor u teenwoordigheid. Lank gelede het U gekom en wonderlike dinge gedoen, dinge wat ons nie verwag het nie. U het afgekom en die berge het gebewe. Ons het nooit voorheen van so iets gehoor nie, niemand het 'n ander god gesien wat hierdie dinge doen nie.* God help die wat op Hom wag.
*Ons* wag en hoop soos ons die eerste kers van Advent sien brand. Op hierdie eerste Sondag van Advent steek ons die kers van hoop aan. Hoop is nie die afwesigheid van konflik, geweld, pyn en hartseer nie, dit wat heilig is word juis geopenbaar in die donkerte van hierdie wêreld. *God van liefde kom en skyn u lig in hierdie wêreld.* Waar ons nou met ons Adventsreis begin, bid ons dat God aan ons die hoop skenk van Sy teenwoordigheid, hoop op nuwe moontlikhede en hoop op Sy beloftes.

# *Voorbidding*

**KOM ONS BID VIR:**

- Bid asb vir Cecile Botha en haar gesin met die afsterwe van haar man, Hennie.
- Bid asb vir Esmé Robbinson wat die week 'n operasie ondergaan het.
- Bid asb vir Johan Malherbe wat die week in die hospitaal was en wag vir uitslae.
- Bid asb vir Natie du Plessis wat die week ingaan vir 'n operasie.
- Kom ons **Bid vir VREDE in ons land**; dat enige rasse-haat, geweld, (in alle vorme) moord, korrupsie en ander negatiewe invloede vernietig en GESTOP sal word.
- Bid asb vir menige instansies, gemeentes en bedieninge wat besig is met beplanning vir volgende jaar. Baie veranderings moet oorweeg word soos onder andere digitale gebruik.

***Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).***

# *Verjaardae vir die week...*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29/11 | Mnr | Tonie | Grobler | |
| 29/11 | Mnr | Leo | Makkink | 072-246 8605 |
| 29/11 | | Abigail | Niemann | 082-925 2776 |
| 29/11 | Mnr | Rehan | Opperman | 083-415 0858 |
| 30/11 | Mnr | Barry | Van der Merwe | 082-448 4119 |
| 1/12 | Mnr | Adri | Crafford | 074-179 1501 |
| 2/12 | Me | Marelize | De Wet | 082-834 8807 |
| 2/12 | Mev | Anè | Els | 079-190 2105 |
| 2/12 | Me | Marnia | Enslin | 076-129 8080 |
| 3/12 | Me | Thea | Van den Heever | 082-561 8245 |
| 5/12 | Mej | Ansu | Bienedell | 072-342 2168 |
| 5/12 | Mev | Alecia | Strydom | 082-419 4235 |

## Baie welkom aan al die besoekers en nuwe lidmate!

Ons hoop jy kuier vandag lekker by ons! As jy meer wil weet oor ons gemeente, of as lidmaat wil inskakel, kan jy gerus na die erediens die INLIGTINGStafel in die voorportaal besoek.

# *Raak betrokke...*

Gaan "like" ons Facebookblad! "Pierneef Gemeente"

ngkpierneef.co.za

Stuur 'n sms aan 0768411568 as jy wil deel word van die Gemeente Whatsappgroep

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00 **Tel:** 012 333 4273 **Sel:** 072 137 4407 **Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za **Facebook:** Pierneef Gemeente **Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

# *Kerkraadslede en Wyksverteenwoordigers 2021*

| | | |
|---|---|---|
| **Wyk A** | = | 18e & 19e Laan, Talana- en Kerkenbergstrate en deel van Mombergstraat. **Frikkie Wentzel 083-294 9505** |
| **Wyk B** | = | 20ste en 21ste Laan, Ben van Tonderstraat en dele van Momberg- en Antoinettestrate. **André du Plessis 082-974 9559** |
| **Wyk C** | = | 22ste en 23ste Laan, Pierneef-systraatjie en Odestraat. **Herman Botha 082-566 7307 en Paul van der Walt 084-632 4364** |
| **Wyk D** | = | 24ste Laan. **Hugo van den Heever 079-492 3028** |
| **Wyk E** | = | 25ste en 26ste Laan. **Cliff Thompson 083-944 6125** |
| **Wyk F** | = | 27ste en 28ste Laan. **Elmarie de la Rey 082-447 1607** |
| **Wyk G** | = | 29ste, 30ste, 31ste, 32ste, 33ste en 34ste Laan (suid van die spoorlyn) asook Heckroodstraat. **Phillip Koekemoer 073-222 9875** |
| **Wyk H** | = | Queenswood & Colbyn. **Ronnie Wolhuter 082-873 1828** |
| **Wyk I** | = | Kilnerpark & alle woonbuurtes ver van NG Pierneef: Sinoville, Montana, Faerie Glen, Meyerspark, Arcadia, Rooihuiskraal en Highveld. **Calla Bezuidenhout 082-455 2976** |
| **Wyk J** | = | Villieria (noord van die spoorlyn), Moregloed, Waverley. **Johan Meyer 082-884 0532** |
| **Wyk K** | = | Deernis,Riviera,Rietondale,Rietfontein,Gezina,Capital Park, Wonderboom-Suid, Les Marais,Eloffsdal. **Willie Snyman 082-459 6106** |

- **Kerkraad-Voorsitter:** Ds Paullet Grobler
- **Kerkraad-Ondervoorsitter: Johan Meyer**
- **Gemeente-Sekretaris:** Steve Swart
- **Finansiële Voorsitter: Hugo van den Heever**

## *Voedselprojek (Dorkas se Kombuis)*

Daar is spesifieke items wat ons kort vir die volgende 3 weke se kospakkies (3de pakkie is die kersfeespakkie) sou iemand dalk wil bydrae (ons pak vir 19 gesinne): Macaroni, Geblikte heelpit mielies, Geblikte ertjies, Geblikte vrugte-Marlie.Indien jy wil bydra, kontak gerus vir Marlie Janeke (082 331 0591).

**Gebed vir die lande:** Indië: Die 2 Musahar Moslem groepe- bekend as "Die Rot Eeters", leef op die onderste vlak van die Indiëse klasse hierargie. Hulle word nie toegelaat om eiendom te besit nie en hul leef in armoedige omstandighede. As "onaantasbares" word hulle kinders nie toegelaat om skool by te woon nie 'n Dorpie is diep geraak deur die Daya Sagar (Storie van Jesus) film. Prys God dat mense begin om Jesus aan te neem. 'n Dagsorgsentrum is gebou om in die kinders se behoeftes te voorsien. Daar is nou reeds ongeveer 80 gelowiges. www.tr.im/wb48

## *Advertensies*




### Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,400.00 per dag.

### Termiete

Van die planke by die ouderlingbanke is deur termiete beskadig en ons is besig om werk te maak daarvan om die probleem op te los. Baie dankie vir almal wat sover bygedra het om te help. Vir al vir die gif wat kom spuit is.